

# Hennetjie en Wurmpie

Winny Asara

Afrikaans





Hennetjie en Wurmpie is vriende. Maar hulle kompeteer altyd teen mekaar. Op 'n dag besluit hulle om sokker te speel om te bepaal wie die beste speler is.

Hulle loop saam sokkerveld toe en begin die wedstryd. Hennetjie was vinnig, maar Wurmpie was vinniger.

Hennetjie skop ver, maar Wurmpie skop verder. Hennetjie het so groen soos gras van jaloesie geraak.





Doelskoppe was die volgende toets. Wurmpie was heel eerste die doelwagter. Hennetjie het slegs een doel geskop.

Nou is dit Hennetjie se beurt om die doel te verdedig.



Wurmpie skop die bal en teken een punt aan.


Wurmpie dribbel die bal en teken nog 'n doel aan.

Wurmpie speel 'n kopbal en teken nog 'n doel aan.

Wurmpie het altesaam vyf doele aangeteken.

Hennetjie was woedend dat sy verloor het. Sy is 'n slegte verloorder. Wurmpie begin lag omdat sy vriendin so groot bohaai opskop.






Hennetjie was so kwaad dat sy besluit het om haar bek WYD oop te maak en die klein Wurmpie in te sluk.

Toe Hennetjie rustig huistoe loop, loop hy vir Mevrou Wurm raak.

Mevrou Wurm vra bekommerd: "Het jy my kind gesien?"

Hennetjie gee nie 'n antwoord nie en loop rustig verder.






Net toe Hennetjie begin loop hoor Mevrou Wurm 'n klein stemmetjie.

"Help my mamma!" huil die stem. Mevrou Wurm kyk soekend rond en luister versigtig. Die stem kom vanuit Hennetjie se maag.



Mevrou Wurm roep met 'n harde stem uit: "Gebruik jou unieke kragte my kind!"

Wurms kan 'n slegte reuk hê en kan aaklig smaak.

Hennetjie begin goor voel.

Hennetjie snak na haar asem.
Sy spring op en af.
Wurmpie proe verskriklik sleg.



Hennetjie hoes en proes totdat klein Wurmpie weer sy verskyning maak vanuit Hennetjie se maag.

Mevrou Wurm en Wurmpie het so vinnig as wat hulle pootjies hulle kan dra gehardloop en in die boom gaan wegkruip.



Van die dag af is hoenders en wurms nie meer maats nie. Hulle is vyande.



# Hennetjie en Wurmpie

Writer: Winny Asara
Illustration: Winny Asara
Translated By: Tanja Pouwels
Language: Afrikaans



© African Storybook Initiative, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative